

15 Maart

Skrifgedeelte: 1 Konings 20:35-43

Fokusgedeelte: 1 Konings 20:42

“Luister mooi na die Woord van die Here, om presies te doen wat Hy vra!”

Agab verslaan die Arameërs met die hulp van die Here, maar laat die koning van Aram, Bénhadad, wat hy met die banvloek moes tref, vry. Nou moet die boodskap aan Agab gebring word. Om die boodskapper gereed te kry, vra dat een deur 'n leeu verskeur word, en die ander stukkend geslaan word. Verder vertel die gewonde profeet 'n storie waarin hy voor Agab sy eie skuld bely en pleit om genade. As die koning die vonnis oor die profeet vel, maak hy hom kenbaar aan die koning. Dan deel hy die vonnis van die Here aan die koning mee: “Agab was ongehoorsaam om Bénhadad, wat die Here in sy hand gegee het, se lewe te spaar.” Die vonnis wat hy self aanbeveel het vir die profeet wat sy gyselaar verloor het, tref hom: Agab en Israel kom in die plek van Bénhadad en die Siriërs.

Ongehoorsaamheid is sonde wat lei tot die dood. Dink hoe die Woord vlees geword het, ons sonde op Hom geneem, om ons met sy seën te vul. Hy het ook aan ons die sakrament van die heilige Nagmaal gegee om die verlossingsboodskap herhaaldelik aan ons te beseël. Met alles wat Hy in sy groot genade vir elkeen van ons gedoen het, moet ons deur ons ganse die vraag beantwoord: “Gebruik ons elke Godgegewe geleentheid biddend tot sy eer?”

Ons mag nie dat enigiets ons aandag aftrek van dit wat God ons opgedra het nie. Onthou, ons het nie soos Agab net oorwinning oor ons vyande ontvang nie, maar lewe uit die dood. Soek daarom biddend na die wil van die Here binne jou omstandighede, en koop as begenadigde rentmeester, die tyd uit met al die gawes wat God in sy groot genade aan jou gegee het.

Sing: Psalm 33:6

Ds S Hibbert (Koster)